

17 JULIE

SKRIFGEDEELTE: 1 TESSALONISENSE 5:12-28
FOKUSGEDEELTE: 1 TESSALONISENSE 5:16-18

Hoe lyk 'n lewe toegewy aan God?

Hierdie paar losstaande opdragte is riglyne van hoe 'n toegewyde lewe aan God in die praktyk daar moet uitsien. Die fokusgedeelte se sinskonstruksie toon dat God in Christus nie net dankbaarheid van ons verwag nie, maar ook dat ons bly sal wees en gedurig sal bid.

Alhoewel blydskap 'n gawe van die Gees is, word dit tog as 'n opdrag gegee. Ons moet toesien dat hierdie blydskap te alle tye uitgestraal word, want blydskap is nie van 'n mens se omstandighede afhanklik nie. Omdat die Gees dit wek, is dit 'n blydskap selfs deur tranes heen. Ons is so geneig om net die negatiewe raak te sien en ons ellende en swaarkry teenoor mekaar te bekl. Daarom kom die opdrag: "Wees altyddeur bly!"

'n Lewe wat aan God toegewy is, word ook gekenmerk deur voortdurende gebedsgemeenskap met God. As ons net vooraf met die Here gepraat het, kon ons optrede baiekeer so anders gewees het, kon ons dalk die regte besluit geneem het of ander mense groot hartseer en pyn gespaar het.

'n Lewe wat aan God toegewy is, beteken om in alle omstandighede, vreugdevol of smartvol, dankbaar te wees. Gelowiges kyk nie teen omstandighede of mense of eie kragte of swakhede vas nie, maar sien op na God wat ons in Christus sy kinders gemaak het. Ons dank God vir die goeie en die slegte, omdat Hy ook die slegte tot ons beswil laat meewerk.

God verwag nie net van ons so 'n toegewyde lewe in Christus Jesus nie, maar deur sy Gees maak Hy dit ook vir ons moontlik om so te kan leef.

Sing: Ps 100:1-4

Ds Andries Kruger (Springs)